In accordance with International Copyright laws, materials supplied by ROi Africa (www.roiafrica.com)
may only be used for internal review, analysis or research purposes and may not be reproduced or sold in any format.

STAATSREDE

'CR moet sweep klap'

'Groot uitdaging' is om ekonomie op dreef te kry

Philda Essop

Pres. Cyril Ramaphosa moet môre in sy staatsrede wys hy is in beheer van Suid-Afrika deur veral op korrupsie te fokus.

Dit is belangrik dat Ramaphosa sy gesag moet laat geld in sy toespraak in die Nasionale Vergadering, sê ontleders.

Ralph Mathekga, politieke ontleder aan die Universiteit van die Wes-Kaap, sê daar was die laaste tyd heelwat bontpratery deur ANC-leiers oor beleid en dit het verwarring geskep.

Daar was ook mededinging om die kollig met oudpres. Jacob Zuma, wat toenemend na vore tree.

Die ANC se verjaardagvieringe in Januarie (waar Zuma luid verwelkom is) het volgens hom getoon dat faksiegevegte steeds hoogty vier in die party.

"Wanneer hy sy staatsrede lewer, moet hy dit dus met gesag doen en as iemand wat in beheer is van die beleid van die land," sê Mathekga.

Ander kwessies, waaronder korrupsie, veiligheid en geweld teen vroue en kinders, moet beslis aandag kry. "Dit kom voor asof almal korrup is… daar is die skenking van Bosasa aan hom. Hy moet met gesag na vore kom en oplossings vir dié kwessies bied.

"Dit is noodsaaklik dat hy verantwoordelikheid aanvaar en erken waar foute begaan is en aankondig dat daadwerklik teen mense opgetree gaan word. Hy kom tans voor as iemand wat net die een krisis ná die ander hanteer. Hy moet toon dat hy in staat is om deur te druk met sy agenda van skoon regering. Hy moet dié agenda herbevestig," sê Mathekga.

Theo Venter, politieke ontleder aan die Noordwes-Universiteit, sê die wittebrood wat Ramaphosa in Februarie 2018 gehad het, het vinnig verdwyn en sy staatsrede vanjaar gaan groter eise aan hom stel.

"Verlede jaar was moeilik. Hy moes die markte, sy politieke party… die hele wêreld tevrede stel. Vanjaar is die vraag wat het hy bereik.

"Ek dink sy heel grootste uitdaging is om die ekonomie op dreef te kry. Om dít reg te kry moet hy vertroue skep in die ekonomie en om dít te doen, gaan hy duidelik standpunt moet inneem oor korrupsie. Hy sal 'n aanduiding moet gee van hoe en wanneer hy gaan optree wat staatskaping betref, want dit is onderliggend aan die klimaat wat die ekonomie gaan ondersteun."

Verder sal Ramaphosa moet aandui wat hy met staatsinstellings, veral Eskom, gaan doen. "Dit is noodsaaklik, want die kredietgraderingsagentskappe kyk vir hom."

Ander aspekte sluit in plaaslike regering en rassisme-vraagstukke. Venter glo Ramaphosa kan die nasie verras deur die verkiesingsdatum aan te kondig.

Agri SA sê in sy boodskap aan Ramaphosa die regering moet sy energie op die landbousektor fokus omdat die sektor onder "geweldige druk" is weens droogte, beleidsonsekerheid en om veiligheidsredes.

■ 'n Peiling deur Citizen Surveys toon dat goedkeuring vir Ramaphosa se presidentskap op 60% afgeplat het.

"Hoewel dit gedaal het van die 68% in die piektydperk van 'Ramaforie' van April tot Junie 2018, is dit steeds baie hoog vergeleke met Zuma se lae 22% by sy bedanking in Februarie 2018."

Volgens die peiling glo 27% van volwassenes in Suid-Afrika die land is op die "regte pad".

Reza Omar, strategiese navorsingsdirekteur van Citizen Surveys, sê in 'n verklaring: "Terwyl Ramaphosa steeds ruim ondersteuning as die president van Suid-Afrika kry, is dit duidelik dat Suid-Afrikaners tasbare en positiewe verandering wil hê, veral in die verkiesingsjaar.

"Terwyl die data toon dat optimisme bly, is dit duidelik getemper deur politieke werklikhede."

Net onnie-groep mag optog hou

Die Educators' Union of South Afica (Eusa) wil pres. Cyril Ramaphosa se staatsrede gebruik om probleme in die onderwysdepartement uit te lig.

Die Kaapstad-metro het bevestig dat net Eusa toestemming het om môre 'n optog by die opening van die parlement te hou.

Grant Twigg, Kaapstad se burgemeesterskomiteelid vir stedelike bestuur, sê drie kennisgewings om optogte ten tyde van die parlementsopening en Ramaphosa se staatsrede te hou, is aanvanklik aan die stadsraad voorgelê. "Die DA en die #TotalShutdown-beweging het sedertdien gekanselleer," sê hy.

Sowat 300 betogers onder die vaandel van Eusa sal wel na die parlement opruk, sê Twigg.

Volgens die stad sal die optog omstreeks 13:45 in Keizersgrachtstraat begin en tot 18:00 duur.

Scusa Bhengu, president van Eusa, voer op sosiale media aan dat die land se onderwysstelsel besig is om in die hande van politici in duie te stort.

– Warda Meyer

Date: 06/02/2019 Title: Beeld - Main Body Byline: Philda Essop
Page No: 2 SQ CM's: 522 Circulation: 59544 Value: 109620.00